Die Voortrekkers

2 Oktober 2018

Beste voortrekkervriende,

Die somer en warm weer lok ons na buite en dit was weer tyd gewees vir ons September-gebiedskampe.

1. Transvaal Pastorale Raadgewer
Willem Boshoff
082 890 2644

Die vrug van die Gees in `n tussen-in jaar

Elke Voortrekkeroffisier is deel van die bestuur van die Voortrekkers. Sommige dien op die hoofbestuur en ander of gebieds-, oord-, kamp- en kommandovlak. Maar elkeen van ons wat `n span het, dien ook op die vlak van die bestuur van `n span se bedrywighede. Dit is natuurlik waar die Voortrekkerwiel aan die pad raak – dis waar die tekkie die teer tref!

Ons ken die goedige gespot met die bemarkingsreëltjie: “Dis net `n uur per week!” wanneer jy volwassenes werf, maar ons weet ook almal van die groot verantwoordelikheid wat daar op elke spanoffisier en volwassene wat betrokke raak, rus. Die bestuur van `n span se aktiwiteite bepaal of die jeuglid die Voortrekkers geniet en of hulle daaruit put wat ons graag wil hê hulle moet. As die volwassenes as span goed funksioneer, is die Voortrekkers `n sukses; maar as dit haper tussen die volwassenes, kry almal swaar.

Hierdie jaar is `n tussen-in jaar in Die Voortrekkers. Daar is nie verkiesings nie en al die verkose besture het nou tyd om hulle planne in werking te stel. Al die geadverteerde aktiwiteite van gebiedskampe, GGA’s en GGN’e, kommandokampe en spanaktiwiteite vir die jaar is voltooi of die finale reëlings is in volle swang. Vir die onvermoeide betrokkenheid van Voortrekkeroffisiere kan `n mens net bewondering hê en die hoed lig – en dit behoort ons gereeld te doen!

Ons moet waardering hê én dit uitspreek teenoor mekaar. Ons moet erkenning gee vir dit wat mede-Voortrekkers beplan en uitvoer.

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)
086 613 9934 (Faks)

transvaal@voortrekkers.org.za
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake SAS, PD sake en Bemarking)
admin@voortrekkers.org.za
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

https://transvaal.voortrekkers.co.za
www.transvaal.voortrekkers.org.za
www.houkoers.co.za
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg, Tekkies Kotze

As volwassenes moet ons ook moed hou en glo dat dit wat ons doen, werklik die moeite werd is.

Die omgewing waarin ons leef, is `n onrustige omgewing. Die politieke partye maak reg vir `n kritiek belangrike verkiesing in 2019 en ons sien reeds hoe die spanning opbou.

Die gronddebatte word só gevoer dat almal die onsekerheid kan aanvoel. Misdaadvlakke is hoog en dit het selfs van ons Voortrekkeraktiwiteite geaffekteer – en dit skep weer spanning by ouers wat onseker is of hulle kinders heeltemal veilig is.

Al die dinge vereis dat ons as Voortrekker volwassenes ons elke keer weer verbind aan die dinge waarop dit werklik aankom.

Ons moet só optree dat ons gedrag onbesproke is. Ons onderlinge gesindhede moet ruimte skep vir mekaar. Die Bybel leer ons dat “elkeen die ander hoër moet ag as homself”. Dit is bitter moeilik, maar dit skep `n basis waarvandaan ons saam met mekaar kan bly werk. Die vrug van die Gees is immers: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22). In ons gesindhede, verhoudinge, doene en late is dít die vrug wat God by ons soek.

Wanneer ons saamwerk, laat dít die maatstawwe wees waarmee ons mekaar meet – ons skuld dit vir mekaar en elkeen wat sy en haar deel doen, verdien dit van mekaar.

2. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Baie geluk aan Venterskroon wat hul 40ste verjaarsdag vier. Mag jul steeds Koers Hou en ‘n spoor laat in elkeen wat jul pad kruis!

“Julle moet in My bly en Ek in julle. ‘n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie” (Joh 15:4).

Dit is moontlik om die saadjies/pitte in een appel te tel, maar dit is nie moontlik om die appels van een saad te tel nie – en so is dit ook in die voortrekkers. Elke voortrekker aktiwiteite en geleentheid word daar saadjies gesaai; soms is die vrug sigbaar in die vaardighede wat baasgeraak word, of die kennis wat opgedoen word; soms neem dit langer vir die saadjie om grond te skiet en te groei.

Dit is wonderlik om te weet dat ons voortrekkeraktiwiteite voortdurend aan ons jeug bou.

Die pad is nie sonder uitdagings nie, en daarom word daar gefokus op veiligheid en risikobestuur. Dit is vir Die Voortrekkers belangrik om die organisasie en bestuurstrukture te bemagtig om proaktief op te tree om die welstand en beskerming van ons jeuglede te bevorder. Wetgewing, veral die kinderwet het ‘n impak op ons aktiwiteite; dus is persone getaak om aan hierdie areas aandag te gee in die vorm van die hersiening van die Gedragskode, opstel van beleide vir voortrekkerkampe, opleiding en praktiese implimenteringswenke.

“Entoesiasme, hoe brandend dit ook al mag wees, is van geen betekenis voordat dit in handeling omskep word nie”. (Thomas Carlyke)

Baie dankie aan elkeen wat sy/haar tyd opoffer vir voortrekkers. Dankie vir elkeen wat ‘n uitdaging aanvaar en hanteer en ook bereid is om oor te gaan tot handeling en implementering. Die vrug daarvan is ontelbaar.

3. Administrasie
(Stadige verkeer)

3.1 AGL Bemarking nominasie en verkiesingsproses

AGL Bemarking, Tekkies Kotze, het bedank as gevolg werksgeleentheid en verhuising na Witsand in die Suid-Kaap. Die gebiedsdagbestuur het besluit om voort te gaan met ‘n nominasie en verkiesingsproses ten einde die portefeulje te vul.

Ooreenkomstig die Grondwet en Reglemente van Die Voortrekkers is bestuursliggame versoek om nominasies in te dien vir verkiesing van die AGL Bemarking portefeulje van Transvaal.

Die oproepbrief en die nominasievorm is beskikbaar op Die Voortrekkers Transvaal webblad onder Opskrif “Dokumentasie” in vouer Bemarking.

Nominasies moet voor óf op 10 Oktober 2018 ingedien wees by admin@voortrekkers.org.za.

Die verkiesing sal in die vorm van ’n elektroniese stemming op 18 Oktober 2018 plaasvind.

Die CV’s van alle genomineerdes sal op 12 Oktober 2018 versprei word.

Finale reëlings vir die stemprosedures sal saam met die nominasies teen 12 Oktober 2018 versprei word.

3.2 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekker lede gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando’s se SAS inligting te kontroleer. Daar is kommando’s genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando’s.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet ‘n naamlys na die gebiedskantoor gestuur word vir bevestiging en die bekragtiging van die spesialisasies.

Neem asseblief kennis van die besluit soos geneem tydens die afgelope Hoofbestuursvergadering gehou in September 2018

Besluit: Hb No 201809/7.6

a) Dat die administrasie- en registrasiegeld gedeelte van lederegistrasies twee aparte prosesse is.
b) Dat die admin gedeelte van lederegistrasies teen die einde Februarie afgehandel moet wees.
c) Dat die registrasiegelde teen die einde van Mei afgehandel moet wees.
d) Die finansiesmodel ten opsigte van registrasiegelde word onder Finansies bespreek.
e) Dat kennis geneem word dat die statistieke op SAS1 tans nie korrek is nie en dat die historiese data nie verkry kan word nie.

3.3 Kommandojaarverslae

Dit is weer tyd vir die indiening van die gebied se jaarlikse kommandojaarverslae. Die elektroniese kommandojaarverslae sal eersdaags, na die Oktober skoolvakansie, versprei word.

3.4 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Alle GGA / GGN en Gebiedskamp inligting word basies op drie (3) plekke gestoor naamlik onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse

1. Dokumente: Alle GGA / GGN / gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.

2. Kennisgewings: Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA / GGN / Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.

3. Gebeurtenisse: Die maandelikse kalender van elke GGA / GGN / Gebiedskamp vertoon in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Die SAS handleiding is pas afgestof met ‘n nuwe voorkoms en opgedateerde inligting.

Soek jy ‘n GGA / GGN of ‘n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA / GGN en Gebiedskampe vouer vir ‘n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), Whatsapp (individu/groep), telegram, Pinterest en / of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van ‘n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm wat beskikbaar is by die volgende skakel:

https://drive.google.com/open?id=1MbF3JLO-wyXITAmvA2c16wsLXpfNdVeH (PDF)

https://drive.google.com/open?id=1LPuI5NX4EhVKRNMCoDJs0lj9s_4sHhvf (word)

3.5 Administrasie en SAS werkswinkel

2018

Ons laaste opleidingsgeleentheid sal plaasvind op 17 November 2018 om 09:00-14:00 by die gebiedskantoor.

2019

Daar sal nie ‘n opleidingsgeleentheid tydens die 2019 Voriesaamtrek nie.

Die eerste opleiding sal plaasvind in Februarie 2019; ons datums is as volg:

(a) 16 Februarie 2019
(b) 11 Mei 2019
(c) 16 November 2019

Kontak my gerus met enige behoefte vir Administrasie en SAS opleiding.

3.6 ABC puntestelsel

Tydens die afgelope hoofbestuursvergadering gehou in September 2018 is die kwessie insake die ABC punte indringend bespreek.

NK Volwasse sake is tans besig met die ondersoek na die erkenningsstelsel insake volwassenes. NKOrg het enkele kosmetiese wysigings in die ABC puntestelsel aangebring.

Die gewysigde Hoofstuk 10 – Erkenning en toekenning - is beskikbaar op die Nasionale webwerf in die Reglemente vouer by skakel:
http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur

4. Finansies en Terreine
(Terreine & Fondse)

4.1 Ledegeld 2018

Ledegelde vir 2018 het ongelukkig nognie die begrote merk van 6 500 lede gehaal nie en is ons nog so 400 onder begrote ledetal vir die finansiële jaar. Kommando's word herinner daaraan dat alle ledegelde vol betaal moet wees teen 31 Oktober 2018 en dat daardie oorbetaling reeds in Transvaal se Standard Bank rekening moet reflekteer teen 31 Oktober 2018 om nog as 2018 lidmaatskap te dien.

4.2 Ledegeld 2019

Gebiede se begrotings (insluitend Hoofkantoor) is bespreek tydens die afgelope Hoofbestuur vergadering in September 2018 en is daar weereens 'n daadwerklike poging aangewend om ledegeld meer bekostigbaar te maak vir alle gesinne. Die Hoofbestuur besluit is dus om vir die derde jaar in 'n ry nie ledegeld te verhoog nie. Daarmee saam is daar ook gehoor gegee aan die pleidooie van die Staatmakers aangaande hulle ledegeld en is daardie bedrag betaalbaar verminder vir 2019.

Die ledegeld model is dus as volg vir 2019

Ledegelde vir 2019	**Sluit aan en betaal teen 31 Mei 2019**	**Sluit aan en betaal van 1 Junie tot en met 30 Junie 2019**	**Sluit aan en betaal vanaf 1 Julie tot en met 31 Oktober 2019**
Jeuglede	R435.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Staatmakers	R200.00 voortsetting R200.00 nuwe lid	R300.00 voortsetting R200.00 nuwe lid	
Offisiere	R435.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Heemraadslede	R220.00 voortsetting R220.00 nuwe lid	R320.00 voortsetting R220.00 nuwe lid	

Let wel: Voortsetting is indien persoon die vorige jaar 'n Voortrekker was, ongeag sy/haar tipe lidmaatskap dan.

Verdere riglyne wat toegepas moet word deur Kommando's

a) Volle registrasiegelde moet betaal wees om in te skryf vir Voorslag / PV, of om genomineer en verkies te word tot jeugraad of enige bestuursliggaam.

b) Indien persone aansluit vanaf 1 Julie gebeur dit met dien verstande dat getroue diens kentekens na oordeel van die Kommandobestuur toegeken word in ag geneem dat graadwielwerk afgehandel moet word en bywoning persentasie in ag geneem word sowel as erkenning vir spesialisasies verwerf.

4.3 Finansiële jaareinde

Daar gaan aansoek gedoen word om die finansiële jaareinde van die Voortrekker Maatskappy en ander Voortrekker entiteite te verander na 31 Desember. Dit sal teweegbring dat elke

Kommando hulle begroting vir 2019 moontlik sal opstel vir ‘n 14maande periode, dus 1 November 2018 tot 31 Desember 2019. Meer inligting hieroor sal verskaf word sodra die aansoek goedgekeur is.

4.4 Terreine

Kommune

Ons het kamers beskikbaar in die Kommune vir 2019 te Francis Baard Straat, Hatfield. Dit is loopafstand na die Universiteit. Skakel gerus vir Izelle by die Gebiedskantoor om verdere inligting te bekom.

De Bank

Daar is groot herstelwerk gedoen aan die swembad by De Bank. Dag-tot-dag algemene instandhouding vind ook plaas soos nodig.

Hartbeesfontein

Die nuwe boorgat by Hartbeesfontein voorsien weer water soos benodig. Daar is wel nogsteeds ‘n water skaarste op Hartbeesfontein en dus word daar versoek dat Kommando’s en Gebiedskampe wat daar plaasvind waterbesparingmaatreëls toepas. Dag-tot-dag algemene instandhouding vind ook plaas soos nodig.

5. Bemarking

(Groei)

5.1 Renoster red is vet pret

Die projek het nou klaar gemaak en almal se gelde moet inbetaal wees teen 25 September. As ek facebook dop hou lyk dit vir my ons gaan ‘n reuse bedrag kan oorbetaal na Care for Wild. Die wenners van die kompetisies vir die projek sal ook so gou moontlik na die sluitingsdatum aangekondig word. Ons is reeds besig om te werk aan die volgende opwindende projek, maar van my kant af ‘n groot dankie vir elkeen se deelname aan die wonderlike projek.

5.2 Bemarkings kompetisie

Hierdie kompetisie is steeds aan die gang met ‘n paar opwindende inskrywings wat reeds ontvang is. Spanne asook individue word aangemoedig om deel te neem aan die opwindende inisiatief. Die kompetisie sal eindig op 31 Oktober 2018. Stuur ook gerus die Hoe Om’s wat ingestuur is vir die kompetisie na Karin Stofberg sodat dit gelaai kan word.

5.3 Die Voortrekkers se verjaarsdag

Op 30 September is Die Voortrekkers 87 jaar jonk. Die gebeurtenis is ‘n geleentheid vir kommando’s en spanne om by ons skole, kerke en omgewings iets prakties te doen om die geleentheid te vier en te spog oor die Voortrekkers. Ons jeuglede kan hul voortrekkerdrag aantrek skool toe of dalk ‘n vlagseremonie hou. Dink kreatief en gebruik die geleentheid. Dit kan natuurlik nie op die dag plaasvind nie, kom ons probeer dus voor of na die vakansie die dag te vier!

5.4 Bemarkingsbeplanning

Dit is belangrik om nou reeds te begin beplan om offisiere te kry vir volgende jaar se Graad R spanne. Begin sommer daarna ook met die graad RR seuns en dogters te gesels oor Voortrekkers. Beplanning vir die 2019 skooljaar moet ook nou gedoen word om alle geleenthede wat daar mag wees te gebruik.

5.5 Bedanking

Die pos van AGL Bemarking in Transvaal is reeds geadverteer. My bedanking uit die posisie is as gevolg van ‘n wonderlike geleentheid wat ons gekry het om aan die Kaapse Suidkus ‘n restaurant te koop. Ons verhuis dus na die kus en sal by die naaste Voortrekkerkommando aansluit en steeds betrokke bly. Dankie vir al die ondersteuning oor die jare, maar veral oor die laaste twaalf (12) maande.

Kom kuier gerus as julle in die Witsand omgewing is, ek en Annerie sal by die restaurant op die strand wees!

Sterkte ook aan die persoon wat die posisie gaan vul op die Transvaalse dagbestuur.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

6.1 GGA / GGN

Baie geluk aan al die suksesvolle dae en naweke wat met baie beplanning en positiewe houding aangepak en aangebied word deur die jaar. Die elektroniese terugvoer waaraan almal deelgeneem het was ‘n groot sukses en sal die terugvoer volgende jaar slegs elektronies plaasvind. Baie dankie aan die GGA / GGN Taakspan onder leiding van Engelie Botha vir hulle bydrae.

6.2 Voorslag

Die naweek van 7-9 September 2018 het daar weer ‘n suksesvolle Voorslagkamp plaasgevind en is daar drie honderd agt en veertig (348) graad 7’s ge-evalueer deur een honderd en drie (103) offisiere. Baie dankie vir elke offisier en spesifiek die tien (10) koordineerders van elke toetspunt om hierdie kamp met rustigheid te laat verloop het sodat elke jeuglid die beste kamp kon beleef. Elke persoon op die kamp het beslis ‘n bydrae gemaak tot die sukses van die kamp

Baie geluk aan al die jeuglede vir hulle toekenning wat hulle verwerf het tydens die kamp en vir elke offisier vir die voorbereiding vir die kamp. Geniet julle Verkennerlewe wat vir julle voorlê.

2019!

Die nuwe prospektus vir 2019 behoort teen einde Oktober 2018 versprei te word ter voorbereiding vir volgende jaar.

Hier is die lys van die liedjies vir 2019 vir julle aandag en lekker saam sing

1. Die oukraal liedjie
2. Daar oorkant die spruit (Die Mannetjie)
3. My Pa is die Koning
4. Dit borrel in my
5. Nimmer gaan ‘n nasie onder
6. Duitswes wals
7. Ken jy die land
8. Nou hou koers dan
9. Alle vure brand nou
10. O die Voortrekkerlewe
11. Hou Koers lied

6.3 Gebiedskampe

Twee kampe is tydens die Junie/Julie vakansie afgelê en die terugvoer van beide was dat almal dit geniet het – dankie vir almal se bydrae tydens die kampe.

Voorspoed aan die laaste PD kamp wat in September vakansie plaasvind. Glo al die beplanning en verjaarsdagvieringe is iets om na uit te sien en te beleef.

6.4 Spesialisasies/Kentekens

Die nasionale moratorium op spesialisasies is verwyder en as daar nuwe idees is vir nuwe spesialisasies/kentekens stuur dit gerus deur na die gebiedskantoor by transvaal@voortrekkers.co.za. Kyk en maak seker of die idee nie by een van die bestaande spesialisasies inpas nie sodat die nodige wysiging gedoen kan word.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

7.1 Presidentsverkenners 2018

Nogmaals baie geluk aan Transvaal se agt en negentig (98) Presidentsverkenner, een (1) Hoofleierswag en een (1) Bobaasverkenner! Julle het hard gewerk vir hierdie toekennings en dit was ‘n voorreg om saam met julle by die PV Kamp te Hartbeesfontein te kamp!

7.2 Presidentsverkenner 2019

Die hersiende PV Prospektus 2019 is beskikbaar op houkoers.co.za. Raadpleeg asseblief hierdie dokument vir al die inskrywingsvereistes en prosedures vir hierdie jaar se inskrywings. Let op die volgende:

a) Die vereistes vir Presidentsverkenner, Hoofleierswag en Bobaassertifikaat is duideliker omskryf en is ook beskikbaar in ‘n vloeidiagram om die verskille makliker te verstaan.
b) Vanaf 2019 word die PV Kamp as drie (3) verskillende kampe aangebied. Kaapland, Vrystaat en Transvaal sal elkeen ‘n PV Kamp aanbied wat nie op dieselfde tyd plaasvind nie. Al drie kampe sal dieselfde temas en uitkomste bereik en PV Kandidate kan dus ‘n PV Kamp bywoon wat gemakliker in hulle besige skedules inpas. Transvaal se PV Kamp vind plaas van 3-6 Julie 2019.
c) Inskrywings vir die PV Proses 2019 sluit 31 Oktober 2018 by die Transvaal Gebiedskantoor.

7.3 Gebiedskampe

Seejol was weer ‘n hoogtepunt vir baie Verkenners gewees. Baie geluk aan Koos Stofberg en sy span vir die kamp!

Baie Verkenners kamp hierdie Oktober skoolvakansie by Wilgedraai en Nakuphi – geniet elke oomblik langs die dam!

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

8.1 Kampvuurgesprek

Die volgende kampvuurgesprek vind plaas op 18 Oktober 2018. Enige iemand is welkom (nie net staatmakers nie). RSVP teen 15 Oktober 2018 by GSD Wessel van der Walt, 0822649643 of stuur 'n e-pos aan transvaal.staatmakers@gmail.com.

Meer inligting rakende die kampvuurgesprek sal versprei word na afloop van die Septembervakansie.

8.2 Staatmakergroepe

Gedurende Augustusmaand het die staatmakergroepe van Transvaal nuwe groepbesture verkies. Meeste van die staatmakers is nuut verkies op groepbesture, maar almal het nuwe idees en hope entoesiasme. Ons wil elke staatmaker sterkte toewens met die termyn wat voorlê en sien uit na wat hulle beplan.

8.3 Betrokkenheid op kampe

Staatmakers was betrokke by 'n verskeidenheid kampe vir beide PD's en verkenners gedurende die Julievakansie en sien ook uit na 'n baie besige kampprogram gedurende die Septembervakansie.

8.4 Bemarking aan Graad 12's

Die staatmakers het met die vertrek van die PV-kandidate vanaf die Voortrekkermonument na die PV-afrondingskamp al die kandidate sterkte gaan toewens. Die staatmakers het ook weer tydens die PV-gala-aand die verkenners gaan geluk wens met hul prestasies en bietjie bemarking gedoen. Elke verkenner sal binnekort die kontakinligting ontvang van die aktiewe staatmakergroepe waarby hulle kan inskakel in 2019.

8.5 Staatmaker ondersoek

Taakspan: Staatmakers is nou saamgestel en die ondersoek het afgeskop. Belangstellendes is steeds welkom aan te sluit by die taakspan. Terugvoer sal deurlopend gelewer word.

9. Volwasse sake

(Oplei en toerus)

9.1 Vorie Saamtrek 2019

Die datum vir volgende jaar se Voriesaamtrek is 11-13 Januarie 2019. Omkring die asb solank op julle kalenders. Meer besonderhede sal binnekort volg!

9.2 Risikobestuur by Voortrekker aktiwiteite

Daar het in die laaste ruk heelwat dinge gebeur wat dit nodig gemaak het om meer op Risikobestuur te fokus. Ons kan nie alle risiko's totaal vermy nie, maar ons kan ook nie aanhou hoop dat gebed alleen ons en ons kinders langer gaan veilig hou nie. Die Here het aan ons 'n gesonde verstand gegee en die vermoë om te voorsien, en daarom is dit ons plig om seker te maak ons doen wat ons kan om onsself en ons kinders te beskerm. Indien jy 'n kundige is op enige vlak van risikobestuur (beskerming van kinders, gebeure, projekte, sekuriteit ens) en jouself kan sien betrokke raak in dinge soos opleiding, hersiening en skryf van beleid, bewusmaking ens in hierdie belangrike onderwerp, stel jouself asb beskikbaar.

Kontak my gerus hetsy per e-pos dirk@helpendehand.co.za óf whatsapp: 0824189467.

9.3 Risikobestuur "Hoe Om Reeks"

Saam met die vorige punt is daar ook 'n behoefte aan 'n reeks Hoe-Om's vir risikobestuur aspekte – Hoe om bepaalde insidente soos kindermishandeling te hanteer / rapporteer, hoe om kinders met bepaalde probleme te hanteer, 'n noodplan saam te stel, kamp te beveilig, mense bewus te maak van veiligheid en so meer.

Indien jy dalk so iets wil help skryf óf dalk 'n behoefte het aan 'n bepaalde "Hoe-Om" e kontak my hetsy per e-pos: dirk@helpendehand.co.za óf whatsapp: 0824189467.

9.4 Nasionale Offisiere Saamtrek

In 2020 gaan ons ‘n Nasionale Offisiere Saamtrek hou.

Die beplande datum is Donderdag 9 tot Sondag 12 Januarie 2020 op Doornkloof. Meer besonderhede sal teen April volgende jaar deurgegee word, maar hou maar asb die datum in gedagte by julle toekomstige beplanning.

9.5 Voriemôl Werkswinkels

Die gedeelte by die Voriemôl waar die hoofkantoor van die Voortrekkers eers geleë was, is nou ingerig vir ‘n werkswinkel. Daar is tafels en vier en twintig (24) stoele. Spanne is welkom om dit enige weeksmiddag te bespreek en te gebruik. Spanoffisiere is ook welkom om hulle spanne soontoe te bring vir aktiwiteite en aanbiedings wat deur die Voriemôl aangebied word. Die plek is ook beskikbaar vir kommandovergaderings. Daar is ook werkswinkels wat Saterdae van 9:00 tot 12:00 aangebied word. Hou gerus die Facebook-blad van die Voriemôl dop vir inligting oor aanbiedings. Kontak vir Lidia Hendriks by die Voriemôl vir besprekings.

Laat weet ook asb. indien daar enige behoefte is vir spesifieke werkswinkels in 2019.

9.6 Voriemôl Verkope

Hulpmiddels, klere, geskenke en nog baie meer. Gaan besoek gerus die Voriemôl by 901, Pierneefstraat, Villieria, Pretoria.

Besoek ook die aanlynwinkel by www.voriemol.co.za

Enige voorstelle van produkte wat in die Voriemôl verkoop kan word?

Stuur gerus jou idees na dirk@helpendehand.co.za

9.7 Hulpmiddels / Hoe Om?

Het jy ‘n behoefte aan ‘n spesifieke hulpmiddel om jou te help met jou spanwerk?

Dalk het jy ‘n idee van ‘n hulpmiddel wat ander kan help.

Stuur asseblief julle idees en behoeftes na my per e-pos dirk@helpendehand.co.za

9.8 Literatuur

Is jy dalk opsoek na die Voortrekkers se grondwet, die nuutste reglemente, kursus handleidings of Hoe Om’s? Gaan kyk gerus by https://transvaal.voortrekkers.co.za/ of www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur vir literatuur en hulpmiddels wat bruikbaar is vir volwassenes lede. Julle kan ook enige informasie aanstuur wat gebruik kan word deur ander volwassenes.

9.9 Dankie is ‘n woordjie ...

Almal hou van erkenning. Maak asb gereeld seker of daar nie aansoek gedoen moet word vir enige vorm van erkenning aan lede of nie-lede in jou kommando, oord, kamp of gebied nie. As julle onseker is oor die proses, kontak my gerus of vra julle admin verteenwoordigers. Het jy enige opinie of idee oor die huidige erkenning stelsel van volwasse lede (positief of negatief)?

Stuur gerus jou idees na my by dirk@helpendehand.co.za

9.10 Persoonlike Visie

Gordon MacDonald skryf in sy boek “Onder die Waterlyn” sy persoonlike visie / missieverklaring as volg:

“My lewe is daarop gefokus om God te dien sodat die koninkryk van Christus stewiger gevestig kan raak oral waar ek gaan. In my omgang met mense wil ek ‘n bron van hoop, bemoediging,

entoesiasme, vriendskap en diens wees. As mense streef ek elke dag na die verruiming van my gees sodat dit 'n woonplek vir Christus kan wees, 'n bron van wysheid en heiligheid aan die Here."

Ons as volwassenes in Die Voortrekkers is hier vir 'n groter roeping –

Wat is jou persoonlike missieverklaring?

9.11 Welstand

'n Afgeronde / gebalanseerde volwassene is ook geneig om meer weerbaar te wees teen risikos, en ook om ons kinders te help om meer weerbaar te wees. Die dimensies van die afgeronde volwassene binne die Voortrekker is dus:

- Emosionele Welstand
- Fisiese Welstand
- Omgewing Welstand
- Sosiale Welstand
- Finansiele Welstand
- Beroep/Loopbaan Welstand
- Geestelike Welstand
- Intellektuele Welstand

Hou Koers dan tot ons weer gesels.

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – zandra@voortrekkers.org.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.org.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Tekkies Kotze – AGL Bemarking (082 852 6171 – tekkies.kotze@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 –jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 – dirk@helpendehand.co.za)